# Die Laaste Boodskap van Genade

Die keuse is joune




Adrian Ebens

# Die Laaste Boodskap van Genade

Adrian Ebens

maranathamedia.com

September 2022

Opgedatteer: Desember 2023

Vertaal na Afrikaans: Sep 2024

# Inhoud

Inleiding................................................................................................ 5
Laaste Uitnodiging van Genade ......................................................................... 8
'n Groot Kloof Gevestig........................................................................................ 8
Geen Tweede Kans............................................................................................... 10
Vir Ewig Verlore.................................................................................................... 21
Die Ewige Dood .................................................................................................... 23
Ewige Ondergang .................................................................................................. 34
Nog Vuiler ............................................................................................................. 37
Geen plek in die Hemel nie ................................................................................ 41
Sal nie die koninkryk van die hemel beërwe nie.......................................... 44
Om Reg te hê op die Boom van die Lewe ...................................................... 44
Die Groot Stryd, bl. 612 – 616............................................................................ 46

**Aanhalings in { } is deur die vertaler vertaal.*

# Inleiding

Dit is 'n vreugde om te weet dat ons Vader in die hemel nie wil hê dat enigiemand moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom. (2 Petrus 3:9). Hy is genadig, lankmoedig, barmhartig en geduldig met almal terwyl Hy poog om hulle die noodlottige gebreke in hulle karakters te wys en aan hulle Sy Gees te gee, in reaksie op hulle ernstige gebede om verander te word, na die voorbeeld van Christus.

Die mens word 'n proeftydperk of tyd van genade gegun om 'n karakter te vorm ter voorbereiding vir die hemel. God en Sy Seun betaal 'n geweldige groot prys vir hierdie proeftydperk, want elke dag wat die wêreld voortduur, vererger hulle lyding, namate hulle gedwing word om die onmenslikheid van mans, vroue en kinders teenoor mekaar te aanskou.

Met betrekking tot die ontwikkeling van karakter vertel die Bybel ons:

> My lewe is altyddeur in my hand; nogtans vergeet ek u wet nie.
> Psalm 119:109

Dit is ons wat besluit om ons roeping en verkiesing (ons keuse) vas te maak. (2 Petrus 1:10). Die Gees van Profesie sê vir ons:

> In die aanname van die verlossing is daar geen dwang nie. Geen uiterlike krag word aangewend nie. Onder die invloed van die Gees van God is die mens vry om te kies wie hy wil dien. In die verandering wat daar plaasvind wanneer die siel homself aan Christus oorgee, is daar vryheid in die hoogste sin. Die uitwerping van die sonde is 'n daad van die siel self. - *Koning van die Eeue, 475*

Karakter word nie in 'n oomblik gevorm nie. Dit verg tyd en moeite, om aan Jesus vas te klou, om ons groot behoefte te voel en te leer om van Hom afhanklik te wees vir alles. Op hierdie manier besluit ons elkeen oor ons eie lot, deur die lewe wat ons leef. Dit kan nie anders nie.

Voor die koms van Christus het heidense filosowe soos Plato en ander begin om die idee van 'n hemelse "Hades" bekend te stel waar dit verstaan word as 'n plek van tussengang, waar siele 'n onbepaalde tyd na die dood deurbring voordat hulle óf na 'n hoër vlak van bestaan óf terug aarde toe gereïnkarneer word. Dit was 'n plek van beproewing en lyding om die siel te reinig. 'n Gewysigde weergawe van hierdie leerstelling het die Katolieke kerk rondom die 11de eeu binnegekom.

Vanuit hierdie idees het sommige dit gewaag om te suggereer dat mense van alle nasies wat nie 'n verhouding met Jesus gehad het en Sy redding aanvaar het terwyl hulle op aarde geleef het nie, opgewek of uit die tronk vrygelaat sal word, om deur 'n vurige beproewing te gaan met die besef van hulle verkeerde dade, sodat hulle terugdraai na God om gered te word. Die idee word voorgehou dat almal op die ou end na God sal kom en alle mense op aarde gered sal word.

In hierdie boekie het ek 'n reeks stellings uit die geskrifte van Ellen White versamel om die totale valsheid van hierdie idee aan te toon. Dikwels verwys Ellen White hierna as 'n tweede proeftydperk waarin vorige gebreke reggestel kon word. Haar kommentaar hierteen is streng en skerp. Sy noem dit onder andere 'n fabel en 'n sataniese dwaling.

Diegene wat vertroue het in die geskrifte van Ellen White en glo dat sy 'n profeet is, sal nie twyfel oor die waarheid van hierdie vraag nie. Hierdie kosbare lewe wat God ons gegee het, is die enigste tyd wat ons het om ons lot te bepaal. Nadat ons gesterf het, is ons lot vir ewig vasgestel. Ons sal óf opgewek word tot die ewige lewe by die koms van Christus, óf vir ewig verlore gaan.

> "Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele." Matthéüs 5:19. **Dit beteken hy sal geen plek daarin hê nie.** Want hy wat moedswillig een van die gebooie verbreek, hou ook nie

> die ander gebooie in gees en waarheid nie. {*Thoughts from the Mount of Blessings*, 51.1}
>
> Wanneer mense hul eie weg kies, plaas hul hulself in stryd met God. Hulle sal nie ‘n plekkie in die hemel vind nie, juis omdat hulle in stryd met die beginsels van die hemel is. {*Thoughts from the Mount of Blessings* 52.1}

Ek het probeer om 'n redelike deursnit van aanhalings saam te stel, wat elkeen uniek is in hul konteks. In die soektog na sommige van hierdie terme soos ewige ondergang (“eternal ruin”) of ewige dood (“eternal death”), het ek nie elke stelling ingesluit nie. Daar is honderde stellings wat ek weggelaat het. Sommige is bloot herhalend terwyl ander minder treffend was in hul duidelikheid oor die onderwerp. Ek het net 'n aantal terme gesoek. Die ernstige student van die onderwerp sal dit waag om nog baie meer te ondersoek wat verband hou met Bybeltekste wat praat van die nou poort, die oordeel, die rekords, die waarskuwing om die vrugte te eet, die vernietiging gedurende die vloed, en Sodom en Gomorra. Vir hierdie onderwerpe en nog baie meer is daar 'n magdom inligting wat ons almal dryf tot nugterheid omtrent ons situasie.

Oneindige liefde het alles vir ons verlossing gegee. Die Vader se liefde is onbeperk en Sy genade is eindeloos. Nietemin is dit ons wat self ons lot bepaal en ons karakters. Dit is waar dat slegs die Gees van God die siel kan trek om te begeer wat goed is, maar die wil van die mens moet kies om op die Gees te reageer en te lewe, of voortdurend ongehoorsaam te wees en te sterf vir ewig.

Daar is moontlik die versoeking om aan hierdie stel aanhalings te dink as hard en veroordelend. Word 'n ouer wat ernstig roep na sy kind om nie aan 'n warm plaat op die stoof te raak nie, as hardvogtig beskou? Die leser besluit self of die motivering uit opregte liefde en sorg vir die siel is, of bloot 'n begeerte om die armsalige siel te veroordeel en te oorweldig.

Kom ons kyk na die gewig wat op die persoon van Christus gerus het toe die geheimsinnige beker in sy bewende hande in Getsemane geplaas is. As Christus in Sy taak sou misluk, sou die hele menslike geslag verlore gaan. Hierdie gedagte was 'n sleutelmotivering vir Christus om ons te red tot enige prys ten koste van Homself. As die fabel van 'n tweede proeftydperk waar was, dan is Christus se groot lyding vir die mensdom gedemp, want dan was dit glad nie regtig 'n kwessie van lewe en dood nie. Geen lewens sou op die spel gewees het nie, slegs die vlak van lyding wat elke siel in die hemelse hel moet ervaar, sou ter sprake wees. Dit breek die krag en betekenis van die Kruis van Christus grootliks af. Kom ons kyk nou na die erns en verantwoordelikheid daarvan om ons karakters self te vorm, bygestaan deur die Gees van God.

## Laaste Uitnodiging van Genade

As die uitnodigings wat nou gegee word geweier word, en as ons volhard in ongehoorsaamheid, **sal ons geen tweede genadetyd hê nie.** “Kies vandag wie julle wil dien,”—God of Mammon. Nou, vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie, **ingeval dit die laaste uitnodiging van genade is**. {*Review and Herald 22 Aug 1907*}

Nou, vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie, **ingeval dit die laaste uitnodiging van genade is**. {*Review and Herald 15 Des 1896*}

## ‘n Groot Kloof Gevestig

In die gelykenis van die ryk man en Lasarus het Christus getoon dat die mens sy ewige lotsbestemming in hierdie lewe beslis. **Gedurende die proeftyd word die genade van God vir elke siel aangebied.** Maar as mense hulle geleenthede verkwis deur hulleself te behaag, sny hulle hulself van die ewige

lewe af. **Geen latere proeftyd sal aan hulle gegun word nie. Deur hulle eie keuse <u>het hulle 'n onoorbrugbare kloof tussen hulle en hulle God gevestig</u>.** – *Die Gelykenisse van Christus, 180*

**Die laaste gebeurtenisse van hierdie aarde se geskiedenis word in die uiteinde van die ryk man se geskiedenis uitgebeeld. Die ryk man het daarop aanspraak gemaak dat hy 'n seun van Abraham was, maar hy was deur 'n onoorbrugbare kloof van Abraham geskei - naamlik 'n karakter wat verkeerd ontwikkel was. Abraham het God gedien, Sy woord in geloof en gehoorsaamheid gevolg.** Maar die ryk man het God en die behoeftes van 'n lydende mensdom verontagsaam. **Die groot kloof wat tussen hom en Abraham gevestig was, was die kloof van ongehoorsaamheid**. Daar is vandag vele wat dieselfde koers inslaan. Al is hulle kerklede, is hulle onbekeerd. Al neem hulle deel aan die kerkdiens, al sing hulle die psalm: "Soos 'n hert wat smag na waterstrome, so smag my siel na U, O God!" (Ps. 42:2); getuig dit nog van valsheid. Hulle is geensins regverdiger in die oë van God as die gruwelikste sondaar nie. Die siel wat na die opwinding van wêreldse plesier verlang, die gedagtes wat vol is van die liefde vir vertoon, kan God nie dien nie. Soos die ryk man in die gelykenis het so 'n persoon geen verlange om teen die begeerlikheid van die vlees te worstel nie. Hy verlang om aan sy aptyt die vrye teuels te gee. Hy kies die atmosfeer van sonde. Hy word skielik deur die dood weggeruk **en hy daal in die graf neer met die karakter wat tydens sy leeftyd in 'n vennootskap met Sataniese magte gevorm is. In die graf is hy nie in staat om goed of kwaad te kies nie**, want die dag wanneer 'n man sterwe is dit met sy planne gedaan. (Ps. 141:4, Pred. 9:5, 6) - *Die Gelykenisse van Christus, 189*

**Wanneer die stem van God die dooie wek, dan sal hy uit die graf voortkom met dieselfde begeertes en hartstogte, dieselfde voorkeur en teensin wat hy in die lewe gekoester het. God doen geen wonderwerk om 'n mens te herskep wat nie herskep wou word toe hy elke geleentheid vergun en van elke gerief voorsien is nie.** Gedurende sy leeftyd het hy geen behae in God geskep of vreugde in Sy diens gevind nie. Sy karakter stem nie ooreen met

God nie en hy sal nie by die hemelse gesin gelukkig wees nie. - *Die Gelykenisse van Christus, 189*

# Geen Tweede Kans

"En die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. En toe hy in die doderyk sy oë ophef, terwyl hy in smarte was, sien hy Abraham van ver af en Lasarus aan sy boesem. En hy roep en sê: Vader Abraham, wees my barmhartig en stuur Lasarus, dat hy die punt van sy vinger in water kan insteek en my tong verkoel; want ek ly smarte in hierdie vlam." - *Die Gelykenisse van Christus, 183*

In hierdie gelykenis het Christus die volk op hulle eie vlak behandel. Vele wat na Christus geluister het, het in die leer van 'n bewuste voortbestaan tussen die dood en die opstanding geglo. **Die Heiland het van hulle idees geweet en Hy het Sy gelykenis op so 'n wyse gestel dat belangrike waarhede deur hierdie vooropgestelde menings ingebring kon word. Hy het vir Sy toehoorders 'n spieël voorgehou waarin hulle hulle ware verhouding tot God kon sien**. Hy het die heersende sienswyse gebruik om die gedagte oor te dra wat Hy voor almal wou benadruk, naamlik dat geen mens se waarde volgens sy besittings bereken kan word nie, want alles wat hy besit, is net deur die Here aan hom geleen. Misbruik van hierdie gawes sal hom onderkant die armste en mees geteisterde man stel wat God liefhet en op Hom vertrou. - *Die Gelykenisse van Christus, 183*

**Christus wil hê dat Sy toehoorders moet verstaan dat dit onmoontlik is om die redding van hulle siele na die dood te verkry**. "Kind," sou Abraham geantwoord het, "onthou dat jy jou goeie dinge in jou lewe ontvang het, en so ook Lasarus die slegte. En nou word hy getroos, maar jy ly smarte. **En by dit alles is daar tussen ons en julle 'n groot kloof gevestig, sodat die wat hiervandaan wil oorgaan na julle, nie kan nie; en die wat daar is, nie na ons kan oorkom nie." So maak Christus dit duidelik dat daar geen tweede**

**proeftyd is nie. Hierdie lewe is die enigste tyd wat aan die mens vergun word om hom vir die ewigheid voor te berei.** - *Die Gelykenisse van Christus, 183-184*

Ek wil vir die jeug by ons onderrig-inrigtings sê, of jy nou bely dat jy glo of nie, dat **jy nou in 'n proeftydperk is, en 'n tweede kans sal vir niemand van julle gegun word nie. Dit is die enigste geleentheid wat jy sal hê om die toets van God te deurstaan en jouself te bewys**. {*Fundamentals of Christian Education, 245.1*}

**Daar sal geen tweede kans wees nie.** Nou, terwyl dit vandag genoem word, as ons die stem van die Here hoor en ons volkome tot Hom bekeer, sal Hy ons genadig wees en oorvloedig vergewe. *{Review and Herald, 10 Mei 1896}*

**Aan die einde van die duisend jaar kom Christus weer na die aarde toe terug.** Hy word vergesél van 'n leërskare van verlostes, asook deur 'n gevolg van engele. Terwyl Hy in groot heerlikheid neerdaal, gebied Hy die goddelose dode om op te staan vir die uitvoering van hulle vonnis. Hulle kom voort, 'n magtige leërskare, ontelbaar soos die sand van die see. Wat 'n teenstelling is dit met diegene wat in die eerste opstanding opgewek is! Die regverdiges het opgestaan, beklee met ewige jeug en skoonheid. Die goddelose staan op met die tekens van siekte en dood. – *Die Groot Stryd, 745.1*

Elke oog in daardie groot skare is gerig op die heerlikheid van die Seun van God. Soos met een stem roep die goddelose menigtes uit, "Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!" Dit is nie liefde vir Jesus wat aanleiding gee tot hierdie woorde nie. Die krag van die waarheid dwing die woorde oor onwillige lippe. **Net soos die goddelose in hulle grafte neergedaal het, so kom hulle voort, met dieselfde vyandigheid teenoor Christus en dieselfde opstandige gees. Vir hulle is daar nie 'n nuwe genadetyd om die gebreke van die verlede aan te vul nie. Dit sou ook niks help nie. 'n Lewe van oortreding het nie hulle harte versag nie. As daar 'n tweede genadetyd aan hulle sou gegee word, sou hulle dit bestee net soos die eerste, in 'n**

**ontduiking van die vereistes van God en in opstand teen Hom**. – *Die Groot Stryd, 745.2*

Die groot oorspronklike leuen wat hy aan Eva in Eden vertel het, "Julle sal gewis nie sterwe nie," was die eerste preek wat ooit oor die onsterflikheid van die siel gepreek is. Daardie preek is met sukses bekroon, en verskriklike resultate het gevolg. Hy het gedagtes gebring om daardie preek as waarheid te ontvang, en predikers preek dit, sing dit en bid dit. **Die feit dat daar nie 'n letterlike duiwel is nie, en die tweede kans na die koms van Christus, word vinnig gewilde fabels. Die Skrif verklaar duidelik dat elke persoon se lot vir ewig vasgestel is by die koms van die Here.** Openbaring 22:11, 12: "Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word. En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees." {*Testimonies for the Church Vol.1, 342, 343.}*

Ons moet die beste van ons huidige geleenthede maak. Daar sal geen ander proeftydperk aan ons gegee word om vir die hemel voor te berei nie. **Dit is ons enigste en laaste geleentheid om karakters te vorm wat ons sal pas vir die toekomstige huis wat die Here voorberei het vir almal wat aan Sy gebooie gehoorsaam is**. {*Letter 20, 1899. Last Day Events 236.3*}

**Daar sal geen proeftyd ná die koms van die Here wees nie. Diegene wat sê dat daar sal wees, word mislei.** Voor Christus kom, sal net so 'n toestand van dinge bestaan soos voor die Vloed**. En nadat die Verlosser in die wolke van die hemel verskyn het, sal niemand nog 'n kans gegun word om verlossing te verkry nie. Almal sal reeds hul besluite geneem het**. {*Letter 45, 1891. Last Day Events 237.1*}

Almal sal getoets en beproef word volgens die lig wat hulle gehad het. **Diegene wat van die waarheid na fabels wegdraai, kan geen tweede kans kry nie**. Daar sal geen tydelike millennium wees nie. As hulle, nadat die Heilige Gees oortuiging in hulle harte gebring het, die waarheid weerstaan en hulle invloed gebruik om die weg te versper sodat ander dit nie sal ontvang

nie, sal hulle nooit oortuig word nie. **Hulle het nie gesoek na karakterverandering in die proeftydperk wat aan hulle gegee is nie, en Christus sal hulle nie die geleentheid gee om weer die keuses te maak nie. Die besluit is 'n finale besluit.** {*Letter 25, 1900. Last Day Events 237.2*}

**Sommige vlei hulself dat die Here hulle nog 'n geleentheid sal gee, dat daar 'n tweede kans sal wees. Dit is 'n noodlottige dwaling!** Nou, dag vir dag, uur vir uur, bou ons vir die laaste groot dag. Ons handel met ons Here se geld, en by sy koms sal Hy met ons afreken, en ons sal rekenskap moet gee van wat ons met sy goed gedoen het. As verantwoordelike wesens werk ons vir tyd en vir ewigheid, ons teken die rekords in die boeke van die hemel aan en ons berei vir onsself beloning of straf voor. Ons beloning sal in verhouding wees met ons werk. "My loon is by My," verklaar Christus, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees." Openbaring 22:12. Hy sal resultate van elkeen verwag. {*Review and Herald, 22 Jan. 1901*}

Maar Hy het so oorvloedig aan ons wêreld gedoen dat daar nie gesê kan word dat Hy ons meer moes liefhê nie. **Hoe dwaas is dan die standpunt dat daar 'n tweede proeftydperk moet wees nadat die eerste uitgeput is**. God het Sy welwillendheid uitgeput. . . deur die hele hemel vir die mens uit te stort in een groot geskenk. Slegs deur die waarde van hierdie offer te begryp, kan ons die oneindigheid begryp. O, die breedte en hoogte en diepte van die liefde van God! Wie van ons eindige wesens kan dit begryp? . . . {*Our High Calling, 12.3*}

Stel die vraag aan my instellings en kerke: Glo jy die Woord van God? Wat doen jy dan in sendinglyne? Werk jy met selfverloëning en selfopoffering? Glo jy dat die Woord van God beteken wat dit sê? Jou optrede wys dat jy dit nie doen nie. Hoe sal jy in God se teenwoordigheid die ontelbare miljoene aanskou wat, ongewaarsku, die ewigheid binnegaan? {*1 Selected Messages, 91.4*}

**Sal daar 'n tweede proeftydperk wees? Nee, nee. Hierdie dwaling kan net sowel dadelik prysgegee word. Die huidige proeftydperk is al wat ons kry.**

**Besef jy dat die redding van gevalle mense in hierdie huidige lewe verseker moet word, of hulle sal vir ewig verlore gaan?** {*1 Selected Messages, 91.5*}

Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai. Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai; maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai. Galásiërs 6:7-8

Dit is ‘n wonderlike waarheid! Dit is 'n tweesnydende swaard wat beide kante sny. **Hierdie vraag van lewe en dood staan voor die hele mensdom. Die keuse wat ons in hierdie lewe maak, sal ons keuse deur alle ewigheid wees. Ons sal óf die ewige lewe óf die ewige dood ontvang. Daar is geen middeweg, geen tweede proeftydperk nie. Ons word geroep om in hierdie lewe te oorwin soos Christus oorwin het.** Die hemel het ons van oorvloedige geleenthede en voorregte voorsien, sodat ons kan oorwin soos Christus oorwin het, en saam met Hom op sy troon kan sit. Maar om oorwinnaars te wees, moet daar in ons lewens geen vertroeteling van vleeslike neigings wees nie. Alle selfsug moet met wortel en tak uitgeroei word. (*Letter 156, 1900*).

**Die evangeliebedeling is die laaste proeftydperk wat ooit aan mense toegestaan sal word.** Diegene wat onder hierdie bedeling van toets en beproewing leef en tog nie gelei word om tot bekering en gehoorsaamheid te kom nie, sal saam met die dislojales vergaan. Daar is geen tweede verhoor nie. Die evangelie wat aan alle nasies, stamme, tale en volke verkondig moet word, stel die waarheid in duidelike lyne voor, wat wys dat gehoorsaamheid die voorwaarde is om die ewige lewe te verkry. Christus deel Sy geregtigheid aan diegene wat toestem om Hom hulle sondes te laat wegneem. Die genade wat ons vervolmaak in Hom, is ons aan Christus verskuldig. {*Manuscript 40, 1900 / 7Bible Commentary 971.9*}

**Daar is nie 'n tweede proeftydperk vir enigiemand nie**. **Dit is nou die tyd van genade, voordat die engel van genade haar goue vlerke sal vou en van die troon aftree**, en genade, genade vir ewig verby is. {*Manuscript 49, 1894 /7Bible Commentary 989.13*}

Niemand wat die lig van die waarheid gehad het, sal die stad van God binnegaan as verbrekers van die gebod nie. Sy wet is die grondslag van Sy regering op aarde en in die hemel. **As hulle sy wet op aarde willens en wetens vertrap en verag het, sal hulle nie na die hemel geneem word om dieselfde werk daar te doen nie; <u>daar is geen verandering van karakter wanneer Christus kom nie</u>.** Die karakterbou sal voortgaan gedurende die ure van die genadetydperk. Dag vir dag word hulle optrede in die boeke van die hemel opgeteken, en hulle sal op die groot dag van God beloon word volgens hulle werke. Dan sal gesien word wie die seën ontvang. "Geseënd is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en deur die poorte in die stad kan ingaan." {*Review and Herald 25 Aug. 1885 / 7Bible Commentary 990.3*}

Die Here beproef en toets sy volk. Engele van God hou die ontwikkeling van karakter dop en weeg die morele waardes op. **Die tyd van genade is amper verby, en jy is nie gereed nie. O, dat die waarskuwingswoord in julle siele mag inbrand! Maak gereed! Maak gereed! Werk solank dit dag is, want die nag kom nader, wanneer niemand kan werk nie. Die mandaat sal uitgaan: Wie heilig is, laat hom nog heilig wees; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word. Die lot van almal sal beslis word. 'n Paar, ja, slegs 'n paar, van die groot getal van die aarde se populasie sal gered word tot die ewige lewe, terwyl die massas wat nie hul siele vervolmaak het deur die waarheid te gehoorsaam nie, tot die tweede dood aangewys sal word**. Die uitroep van my benoude hart is: O Heiland, red dié wat met U bloed losgekoop is! {*2 Testimonies, 401.1*}

Ons sal self met ontelbare versoekings geteister word, en ons moet krag in Christus vind om dit te oorwin. Indien ons daardeur oorwin word, sal ons so ons siele verloor. Ons het 'n groot en plegtige werk om te doen, en hoe verskriklik sal ons verlies wees as ons misluk. **As die werk wat ons Meester ons nagelaat het, ongedaan gevind word, kan aan ons geen tweede proeftydperk toegestaan word nie. Dit is vir altyd ongedaan.** {*3 Testimonies, 453.1*}

Daar is geen werk in ons wêreld so groot, so heilig en so heerlik nie, geen werk wat God so eer as hierdie werk van die evangelie nie. **Die boodskap wat in hierdie tyd aangebied word, is die laaste boodskap van genade vir 'n gevalle wêreld. Diegene wat die voorreg het om hierdie boodskap te hoor, en wat volhard om te weier om ag te slaan op die waarskuwing, verwerp hulle laaste hoop op redding. Daar sal geen tweede proeftydperk wees nie.** {*6 Testimonies, 19.2*}

Integriteit, geregtigheid en Christelike vriendelikheid, maak alles saam 'n pragtige kombinasie. Hoflikheid is een van die genadegawes van die Gees. Dit is 'n eienskap van die hemel. **Die engele vaar nooit passievol uit teen iets nie, is nooit afgunstig, selfsugtig en jaloers nie. Geen harde of onvriendelike woorde ontsnap hul lippe nie. En as ons die metgeselle van engele wil wees, moet ons ook verfynd en hoflik wees. En ons het nie te veel tyd om ons verkeerde gewoontes te verander, ons gebrekkige karakters te hervorm en geskik te word vir die gemeenskap van diegene met wie ons verwag om nie lank hierna te assosieer nie.** Alle hardheid en strengheid, grofheid en onvriendelikheid moet in hierdie lewe oorkom word; want hulle is Satanies. Dit is nóú juis die tyd vir ons om die werk te doen. Ons kan geen tweede proeftydperk hê nie. As ons nie hierdie ure van voorreg beter gebruik nie, sal ons nie 'n tweede proeftydperk, indien dit aan ons toegestaan sou word, beter gebruik nie. Dit is nou, terwyl dit vandag genoem word, dat ons nie ons harte moet belas en voortgaan om Christus skaam te maak met die ongeheiligde woorde en gedrag van ons wat Sy naam dra. {*Review and Herald 1 September 1885*}

Die hemele sal opgerol word soos 'n boekrol. "En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom op die wolke met krag en groot heerlikheid." "Die Seun van die mens sal kom in sy heerlikheid, en al die heilige engele saam met Hom; dan sal Hy sit op die troon van sy heerlikheid." Dit is wanneer "die groot manne en die ryk manne en die owerstes en die helde en elke slaaf en elke vryman," ontvang volgens hulle werke. **Plegtig is die uur wanneer daar met die dienaars afgereken word, en vergelding aan almal toegeken word!**

**Daar is geen tweede verhoor nie. Die proeftyd is vir ewig verby**. {*Review and Herald, 12 Januarie 1886*}

**Wanneer die dood na ons toe kom, kan niks gedoen word om die foute van die verlede reg te stel nie. Nie 'n reël van ons rekord kan uitgewis word nie, nie 'n sin reggestel word nie.** Wat geskryf is, is geskryf. As die een proeftydperk misbruik is, as Jesus verwerp is, as duisternis bo lig verkies is, staan die rekord vas: Hulle het die Here nie gekies nie; hulle het nie aan sy raad gehoor gegee nie, en hulle het sy teregwysings verag. **Geen tweede proeftydperk sal toegestaan word nie;** want as die eerste nie beter gebruik is nie, sou daar niks beter gebruik gemaak word van 'n tweede nie. {*Review and Herald, 13 Januarie 1891 par. 8*}

Wat Farao gedoen het, sal weer en weer deur mense gedoen word tot die genadetyd verby is. **God vernietig geen mens nie; maar wanneer 'n mens die oortuiging in die kiem smoor, wanneer hy van die getuienis afwyk, saai hy ongeloof en sal maai soos hy gesaai het. Soos dit met Farao was, so sal dit met hom wees; wanneer helderder lig op die waarheid skyn, sal hy dit met verhoogde weerstand tegemoetgaan, en die werk om die hart te verhard sal voortgaan met elke verwerping van die toenemende lig van die hemel. In eenvoud en waarheid sou ons met die onboetvaardige praat oor die manier waarop mense hulle eie siele vernietig.** Jy kan God nie die skuld gee dat Hy 'n bevel teen jou uitgevaardig het nie. Nee, Hy is nie gewillig dat enigeen verlore gaan nie, maar dat almal tot kennis van die waarheid en na die veiligheid van ewige saligheid kom. Geen siel word ooit finaal deur God verlaat of oorgelaat aan sy eie weë, solank daar enige hoop op sy redding is nie. God volg mense met smekinge en waarskuwings en versekering van deernis, totdat verdere geleenthede en voorregte heeltemal tevergeefs sou wees. Die verantwoordelikheid rus op die sondaar. **Deur vandag die Gees van God te weerstaan, berei hy die weg voor vir 'n tweede weerstand teen lig wanneer dit met sterker krag kom; en so sal hy oorgaan van een stadium van onverskilligheid na 'n ander, totdat die lig hom uiteindelik nie meer**

**aanraak nie, en hy sal geensins meer op die Gees van God reageer nie.** {*Review and Herald, 7 Feb 1891*}

Diegene wat wel die groot gawe van verlossing verwerp, sal vind dat geen tweede proeftydperk aan hulle voorsien word nie, maar sal sonder hoop gelaat word**.** {*Review and Herald, 10 Maart 1891*}

Ek wil almal oproep om wawyd wakker te wees. Die tyd waarin ons nou leef, is die enigste proeftydperk wat ons het. Die gevare van die laaste dae is op ons. Een van die dae sal die geleentheid om die ewige lewe te verkry deur gehoorsaamheid aan God se gebooie, vir ewig verby wees. **As die uitnodigings wat nou gegee word, geweier word, as ons volhard in ongehoorsaamheid, is daar geen tweede proeftydperk nie**. “Kies julle vandag wie julle wil dien," – God of Mammon. Nou, terwyl dit vandag genoem word, as julle sy stem wil hoor, verhard julle harte nie, **dat dit nie die laaste uitnodiging van genade is nie**. {*Review and Herald, 15 Des 1896*}

Diegene wat dislojaal aan Christus in hierdie wêreld is, sal dislojaal aan hom wees in die wêreld wat kom, en sal 'n tweede rebellie in die hemel skep. Die mens het die geskiedenis van Adam se ongehoorsaamheid en val voor hulle, en daarom moet hulle gewaarsku word om nie die wet van God te oortree nie. {*Review and Herald, 18 September 1897*}

**Sommige glo Satan se bewering dat daar 'n tweede proeftydperk sal wees. Hulle sê dat al weerstaan hulle nou die Gees van God, en al weier hul om hul dag van genade beter te gebruik, hulle nog 'n geleentheid gegun sal word om die hemel te verkry. Maar diegene wat hierdie geloof koester, is onder 'n misleiding wat tot ondergang lei**. Toe God Christus aan ons wêreld gegee het, het Hy in hierdie een geskenk al die skatte van die hemel gegee. Hy het niks teruggehou nie. Hy kan nie meer doen as wat Hy gedoen het om mense tot bekering te bring nie. Hy het geen middele in reserwe gehou vir hulle redding nie. {*Review and Herald,17 September 1901 par. 6*}

God verdra die rebellie en afvalligheid van Sy onderdane al baie lank. Selfs wanneer Sy barmhartigheid verag word en Sy liefde geminag en bespot word, verdra Hy mense, totdat die laaste hulpbron om hulle tot bekering te lei, uitgeput is. Ongelukkig is daar perke aan Sy verdraagsaamheid. Hy verwyder Sy beskermende sorg van diegene wat tot die einde toe voortgaan in hardnekkige rebellie. Voorsienigheid sal hulle nie meer van Satan se mag beskerm nie. Hulle het hul dag van genade "weggesondig." {*Review and Herald, 17 September 1901 par. 7*}

Die grootste geskenk wat God aan mense kon skenk, is geskenk in die gawe van sy geliefde Seun. Die apostel sê: "Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?" **Daar is niks in reserwe gehou nie. Geen tweede proeftydperk sal ooit voorsien word nie. As die onuitspreeklike gawe van God die mens nie tot bekering lei nie, is daar niks wat ooit sy hart sal roer nie.** Daar is geen krag in reserwe gehou om in sy gedagtes in te tree en sy sensitiewe sinne op te wek nie. Die hele karakter van God is in sy Seun geopenbaar, die hele omvang van die moontlikhede van die hemel word vertoon vir die aanvaarding van die mens in die Seun van die Oneindige Een. Die weg vir die mens se terugkeer na God en die hemel het geen hindernisse nie. Die weergalose dieptes van die Verlosser se liefde is gedemonstreer; en indien hierdie manifestasie van God se liefde vir die mensekinders dit nie regkry om mense na Homself te trek nie, is daar niks wat dit ooit sal doen nie. {*Signs of the Times, 30 Desember 1889 par. 6*}

Daar sal geen tweede proeftydperk wees om vir die ewigheid voor te berei nie. Dit is in hierdie lewe dat ons die kleed van Christus se geregtigheid moet aantrek. Dit is ons enigste geleentheid om karakters te vorm vir die huis wat Christus gereed gemaak het vir diegene wat Sy gebooie gehoorsaam. {*Signs of the Times, 22 November 1905 par. 7*}

Satan sê voortdurend vir die jeug dat groot belonings in hierdie lewe ontvang sal word indien jy vir die wêreld lewe; maar dit is nie so nie. Die helderste

verwagtinge van hierdie lewe sal nooit verwesenlik word nie. Waar is jou beloning? Kan jy opkyk en deur geloof die kroon sien wat vir jou in die hemel wag? Verheug jy jou in die wonings wat Christus voorberei vir diegene wat Hom liefhet? As jy die pad van jou eie keuse volg, lê jy jou ondergang voor jou eie deur. **Geen tweede proeftydperk kan toegestaan word aan diegene wat nie die voorregte wat teen 'n oneindige prys gekoop is, waardeer nie**. As jy skatte op aarde bymekaarmaak, kom tot stilstand en weeg die waarde van die leeftyd op waarin jy direk in stryd met die wil van God wandel, waar jou talente verkeerd aangewend word en geen belangstelling in jou Meester getoon word nie. Bereken die jare waarin jy geweier het om God se weë te aanvaar, geweier het om jou talente aan die handelaars uit te gee soos Hy dit beveel het; bereken die verhoging wat verkry kon word deur 'n wyse gebruik van die Here se goed, en beantwoord die vraag: "Hoeveel skuld jy aan my Here?" {*Youth's Instructor, 17 November 1892 par. 2*}

God wil hê dat ons in die skool van Christus moet leer om sagmoedig en nederig van hart te wees. Self moet gekruisig word, saam met die voorliefdes en welluste. **Daar is geen tweede proeftydperk vir die gevalle mens nie. Die hemel is nie die plek om gebreke in karakter te oorkom nie.** God sê nou vir ons: "Werk julle eie heil uit met vrees en bewing. Want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te doen na sy welbehae." {*Youth's Instructor, 25 Oktober 1900 par. 7*}

**Jy sal mense vind wat praat van 'n tweede proeftydperk, wat hulself troos met die gedagte dat, indien hulle nie oorwinnaars in hierdie proeftyd is nie, hulle in 'n toekomstige proeftyd 'n voorbereiding vir die hemel sal verseker.** Maar die Here het geen toekomstige proeftydperk vir enige lewende siel nie. Diegene wat nie hierdie huidige proeftydperk waardeer nie, sal geen tweede verhoor hê nie. **Diegene wat in hierdie lewe 'n weg volg wat die poorte van die stad van God teen hulle sal sluit, hoef hulleself nie te vlei dat die Here hulle nog 'n geleentheid sal gee om voor te berei om Hom te ontmoet nie. Nee, nee, nee!** {*21 Manuscript Releases 398.2*}

# Vir Ewig Verlore

Dit is onmoontlik om die boosheid wat voortspruit uit ‘n kind wat aan sy eie wil oorgelaat word, uit te beeld. Sommige wat as gevolg van verwaarlosing in die kinderjare afdwaal, sal later deur die inskerping van praktiese lesse tot hul sinne kom; **maar baie is vir ewig verlore omdat hulle in hul kinderjare en jeug net 'n gedeeltelike, eensydige kultuur ontvang het.** {*Child Guidance, 274*}

Noudat God alles gedoen het wat Hy kon om mense te red, as hulle deur hul lewens wys dat hulle Jesus se barmhartigheid wat Hy aanbied, minag, sal die dood hulle deel word, **en dit sal duur gekoop word. Dit sal 'n verskriklike dood wees; want hulle sal die angs moet voel wat Christus aan die kruis gevoel het om vir hulle die verlossing te koop wat hulle geweier het. En hulle sal dan besef wat hulle verloor het – die ewige lewe en die onsterflike erfenis.** Die groot opoffering wat gemaak is om siele te red, wys vir ons hul waarde. Wanneer ‘n kosbare siel een keer verlore is, is dit vir altyd verlore. {*Counsels for the Church, 41.3*}

Predikante sowel as die gewone mense sien dat hulle nie die regte verhouding teenoor God aanvaar het nie. Hulle sien dat hulle gerebelleer het teen die Gewer van alle regverdige wette. Die verwerping van die goddelike gebooie het duisende sondes tot gevolg gehad, ook tweedrag, haat, boosheid, totdat die aarde omskep is in een groot strydperk, een groot poel van verrotting. **Dit is wat diegene nou sien wat die waarheid verwerp en dwaalleer gekies het. Geen woorde kan die verlange beskryf wat die ongehoorsames en ontroues voel vir wat hulle vir ewig verbeur het — naamlik die ewige lewe.** GS 737.4

Die derde keer bid Hy dieselfde gebed as voorheen. Engele smag daarna om verligting te bring, maar dit mag nie gedoen word nie. **Die Seun van God moet hierdie beker drink, anders gaan die wêreld vir ewig verlore wees.** Hy sien die hulpeloosheid van die mens raak. Hy sien die krag van sonde. Die

ellende van 'n gedoemde wêreld gaan alles deur sy kop. {*Steps to Jesus, 104.9*}

**Hy neem die finale besluit. Hy sal die mens red, maak nie saak wat die prys is wat Hy moet betaal nie.** Hy het die voorhowe van die Hemel verlaat, waar alles reinheid, geluk en heerlikheid is, om die een verlore skaap te red, die een wêreld wat geval het deur oortreding, en Hy sal Hom nie van Sy doel af wend nie. Sy gebed adem nou net onderdanigheid: {*Steps to Jesus, 105.1*}

“Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem! Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied!”{*Steps to Jesus, 105.2*}

Diegene wat die regverdiges omring, is dan in hulle tyd van nood en onuitspreeklike vrees. Die afgryse van wanhoop gryp hulle aan, en dit lyk asof hierdie arme verdwaasdes hulself nou verstaan. Diegene wat mislei is deur die fabels wat deur hulle bedienaars aan hulle verkondig is, reken nou die verlies van hul eie siele aan die hierdie bedienaars toe: **Julle het valshede aan ons verkondig. Ons het 'n leuen geglo, en is verlore, vir ewig verlore.** {*Signs of the Times, 27 Nov 1879*}

Daar is baie ouers wat beweer hulle is christene, wie se siele besig is met soveel ander dinge, dat daar nie plek in die sielstempel vir die teenwoordigheid van Jesus is nie. Hulle het die toewyding wat alleen aan God toekom, aan hulle afgode gegee. Die deur van die hart is gesluit teen die waarheid, en Christus word in gees, in karakter en in dade verkeerd voorgestel. Hulle kinders is onbekeerd, eiesinnig en is liefhebbers van plesier, en geen aanwins vir die waarheid nie. **Sou sommige van hierdie jongmense deur siekte uitgeroei word en geen geleentheid tot bekering gegun word nie, sal hulle verlore wees, vir ewig verlore.** {*Signs of the Times, 7 Mei 1894*}

Jong vriende, wat is julle keuse? Om hier 'n lewe van selfverloëning te lei, om die godsdiens van Jesus wat jy bely uit te voer, uniek in die oë van die wêreld te wees, en die ewige lewe te maai; of sal jy die voorbereiding uitstel, halfhartig in die saak van God lewe, bloot die naam van 'n Christen hê, 'n

vorm van godsaligheid, en daardeur jou belydenis oneer aandoen, en dan in die dag van God se toorn, wat net voor die deur is, in die weegskaal geweeg word en te lig bevind word, om uit die hemel uitgesluit en vir **ewig verlore** te wees! {*Youth's Instructor, 1 Mei 1854 par. 8*}

Jy het 'n ander lewe om te onderhou as dit wat deur tydelike brood gevoed word. Jy het 'n siel waarna jy versigtig moet omsien, dat dit nie vir ewig verlore sal gaan nie. {*14 Manuscript Releases, 105*}

## Die Ewige Dood

Die kruis bring ons nader aan God en versoen ons met Hom. Met die toegewende deernis van 'n vader se liefde, kyk Jehovah na die lyding wat sy Seun verduur het **om die mense-ras van die ewige dood te red**, en Hy aanvaar ons in die Geliefde. {*Acts of the Apostles, 209.3*}

Hoe kan jy jou kinders opvoed in die dinge van God, tensy jy eers self weet wat reg en wat verkeerd is, tensy jy besef dat gehoorsaamheid die ewige lewe beteken **en ongehoorsaamheid die ewige dood inhou?** {*Child Guidance, 65.1*}

O, mag hulle besef dat die invloed op 'n kind in sy vroegste jare, die ontwikkeling van sy karakter en sy bestemming bepaal, óf vir die ewige lewe, óf die ewige dood! {*Child Guidance, 198*}

Aangedryf deur sataniese invloede, het die skare geskreeu vir die kruisiging van Christus. Die hele hemel het die stappe van Christus se vernedering een na die ander dopgehou — Sy beproewing, verwerping en dood. Toe Hy aan die kruis uitgeroep het: "Dit is volbring," is die stryd beëindig. Die bloed van die Onskuldige is vir die skuldiges vergiet. **Die lewe wat Hy prysgegee het, het die mensdom van die ewige dood losgekoop en die straf verseël van**

**hom wat die mag van die dood gehad het—die duiwel.** {*Christ Triumphant, 290.4*}

Hulle het Sy voorbeeld van waarheidsliefde en vroomheid gehaat, en ook die verhewe geestelikheid wat geblyk het in alles wat Hy gedoen het. Sy hele lewe het hulle selfsugtigheid bestraf en toe die finale toets kom, **die toets wat gehoorsaamheid en die ewige lewe beteken of ongehoorsaamheid en die ewige dood beteken**, het hulle die Heilige van Israel verwerp. Toe hulle gevra is om tussen Christus en Barabbas te kies, het hulle uitgeroep: "Laat vir ons Barabbas los!" Lukas 23:18. – *Die Gelykenisse van Christus, 209*

Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan; want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind." **Hierdie paaie is afsonderlik, apart, in teenoorgestelde rigtings. Die een lei tot die ewige lewe, die ander tot die ewige dood.** Ek het die onderskeid tussen hierdie paaie gesien, ook die onderskeid tussen die groepe wat daarop reis. Die paaie is teenoorgestelde; een is breed en glad, die ander smal en ru. So is die partye wat daarop reis, die teenoorgestelde in karakter, in lewe, in kleredrag en in gesprek. {*Signs of the Times, 1 April 1880*}

Laat elke moeder besef hoe groot haar pligte en haar verantwoordelikhede is, en hoe groot die beloning van getrouheid sal wees. **Die moeder se daaglikse invloed op haar kinders berei hulle voor vir die ewige lewe of die ewige dood.** Sy oefen in haar huis 'n mag uit wat meer beslissend is as die prediker op die kansel, of selfs die koning op sy troon. {*Conflict and Courage, 139.8*}

Elke lewe is 'n lig wat die pad van ander verhelder en opbeur, of 'n donker en verwoestende invloed wat na wanhoop en ondergang neig. **Ons lei ander óf opwaarts na geluk en onsterflike lewe, óf afwaarts na droefheid en ewige dood.** En as ons deur ons dade die bose magte van diegene rondom ons versterk of tot aktiwiteit dwing, deel ons in hulle sonde. {*Conflict and Courage, 201.4*}

Christus verseker **die ewige lewe vir almal wat in Hom glo**. In sy dood het Hy die skepper van sonde en dislojaliteit veroordeel om die straf van sonde te ly - **die ewige dood.** {*Counsels on Health 333.1}*

**Onthou dat 'n gebrek aan toewyding en wysheid in jou die weegskaal vir 'n siel kan verander en dit na die ewige dood kan stuur.** Jy kan nie bekostig om onverskillig en onverantwoordelik te wees nie. Jy het krag nodig, en God is bereid om hierdie krag aan jou te gee sonder dat jy daarvoor hoef te werk. Hy vra slegs 'n nederige, berouvolle hart wat bereid is om te glo en Sy beloftes te ontvang. Jy hoef net die middele te gebruik wat God binne jou bereik geplaas het, en jy sal die seën verkry. {*Gospel Workers, 35*}

Die ganse bose wêreld staan nou voor die regbank van God op die aanklag van hoogverraad teen die regering van die hemel. **Hulle het niemand om hulle saak te bepleit nie; hulle staan sonder verskoning; en die vonnis van die ewige dood word oor hulle uitgespreek**. **–** *Die Groot Stryd, 751.2*

Dit is nou duidelik vir almal dat die loon van die sonde nie 'n heerliker onafhanklikheid en ewige lewe is nie, maar slawerny, ondergang en die dood. Die goddelose besef nou wat hulle verbeur het deur hulle lewe van rebellie. Die allesoortreffende en ewige heerlikheid is verag toe dit vir hulle aangebied is; maar hoe begeer hulle dit nie nou nie. "Dit alles," roep die verlore siel uit, "kon ek gehad het; maar ek het al hierdie dinge verwerp. O, onverstaanbare dwaasheid! Ek het vrede, geluk, en eer verruil vir ellende, oneer, en wanhoop." **Almal sien dat hulle uitsluiting uit die hemel regverdig is. Deur hulle lewens het hulle verklaar, "Ons wil nie hê dat hierdie man [Jesus] oor ons koning moet wees nie."** – *Die Groot Stryd, 751.3*

Ons behoort met groot angs vir die redding van siele vervul te word as ons sien hoe mense in sonde vergaan! Hierdie siele is gekoop teen 'n oneindige prys. Die dood van die Seun van God aan Golgota se kruis is die maatstaf van hul waarde. **Dag vir dag neem hulle besluite wat hulle lei tot die ewige lewe of tot die ewige dood.** {*Maranatha, 138.5*}

Jou huis is op sigself 'n klein wêreldjie. . . . Dit is julle wat moet besluit of julle kinders die diens van God, of die diens van mammon sal kies, die ewige lewe of die ewige dood . . . {*My Life Today, 33.2*}

Waar sal ons wees voordat die duisend geslagte wat in hierdie Skrif genoem word, beëindig word? Ons lot sal vir ewig beslis wees. Ons sal óf waardig verklaar word vir 'n tuiste in die ewige koninkryk van God, óf ons sal ‘n vonnis van die ewige dood ontvang. {*Our High Calling, 344.2*}

**Die sondaar word aan die ewige dood blootgestel, totdat hy 'n skuilplek in Christus vind; en net soos wat slentery en sorgeloosheid die vlugteling sy enigste kans op lewe kan beroof, so kan vertragings en onverskilligheid die ondergang van die siel bring**. Satan, die groot teëstander, is op die spoor van elke oortreder van God se heilige wet, en wie nie bewus is van sy gevaar nie, en nie ernstig skuiling in die ewige skuiling soek nie, sal 'n prooi vir die vernietiger word. {*Patriarchs and Prophets, 517.2*}

Elke lewe is 'n lig wat die pad van ander verhelder en opbeur, of 'n donker en verwoestende invloed wat neig na wanhoop en ondergang. Ons lei ander óf opwaarts na geluk en onsterflike lewe, óf afwaarts na droefheid en ewige dood. {*Prophets and Kings, 94*}

Die lewe van Jesus van Nasaret onder die Joodse volk, in sy geheel, was 'n teregwysing vir hulle selfsug, soos geopenbaar in hulle onwilligheid om die regverdige aansprake van die Eienaar van die wingerd waaroor hulle as landbouers aangestel is, te erken. **Hulle het Sy voorbeeld van waarheid en vroomheid gehaat; en toe die laaste toets gekom het, die toets wat gehoorsaamheid tot die ewige lewe of ongehoorsaamheid tot die ewige dood beteken het, het hulle die Heilige van Israel verwerp en verantwoordelik geword vir Sy kruisiging op Golgota se kruis.** {*Prophets and Kings, 710.2*}

Selfs terwyl Christus aan die kruis gehang het, en deur Satan met sy felste versoekings aangeval is, was Christus oorwinnaar. . . . Met Sy laaste asem het

Hy uitgeroep: "Dit is volbring." Die stryd is gewen.... Die bloed van die onskuldiges is vir die skuldiges vergiet. Deur die lewe wat Hy gegee het, is die mens losgekoop van die ewige dood, en die straf van hom wat mag oor die dood gehad het, is verseël. {*Reflecting Christ, 60.2*}

**Diegene wat die kroeë besoek, wat oop is vir almal wat dwaas genoeg is om te peuter met die dodelike euwel wat dit bevat, volg die pad wat na die ewige dood lei.** Hulle verkoop hulself, liggaam, siel en gees, aan Satan. Onder die invloed van die drank wat hulle drink, word hulle gelei om dinge te doen waarvan hulle, as hulle nie die kwaadaardige dwelm geproe het nie, van afgryse ineen sou krimp. Wanneer hulle onder die invloed van die vloeibare gif is, is hulle onder Satan se beheer. Hy regeer hulle, en hulle werk met hom saam. {Letter 166, 1903. *Temperance, 24.1*}

By die Konferensie op Battle Creek, 27 Mei 1856, is vir my 'n paar dinge gewys wat die kerk in die algemeen raak. Die heerlikheid en majesteit van God het voor my verbygegaan. Die engel het gesê: "Hy is verskriklik in sy majesteit, maar julle besef dit nie; verskriklik in sy toorn, tog beledig julle Hom elke dag. 'Streef daarna om by die nou poort in te gaan;' '**want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan, want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind.'" Hierdie paaie is afsonderlik, verwyder van mekaar, in teenoorgestelde rigtings. Die een lei na die ewige lewe, die ander na die ewige dood**. Ek het die onderskeid tussen hierdie paaie gesien, ook die onderskeid tussen die groepe wat daarop reis. Die paaie is teenoorgestelde; een is breed en gelyk, die ander smal en ru. Dus is die mense wat daarop reis, teenoorgestelde in karakter, in lewe, in kleredrag en in gesprek. {*1 Testimonies, 127.1*}

Christus het baie gevoel soos sondaars sal voel wanneer God se toorn oor hulle uitgegiet sal word. Swart wanhoop, soos die doodskleed, sal oor hulle skuldige siele vergader, en dan sal hulle die sondigheid van sonde ten volle besef. Verlossing is vir hulle gekoop deur die lyding en dood van die Seun van

God. **Dit kan hulle s'n wees, as hulle dit gewilliglik, graag aanvaar; maar niemand word verplig tot gehoorsaamheid aan die wet van God nie. As hulle die hemelse voordeel weier en die plesier en bedrog van sonde kies, ontvang hulle hul keuse, en ontvang ook teen die einde hul loon, wat die toorn van God en die ewige dood is. Hulle sal vir ewig geskei wees van die teenwoordigheid van Jesus wie se offer hulle verag het**. Hulle sal 'n lewe van geluk verloor en ewige heerlikheid opoffer ter wille van ‘n seisoen van die plesier van sonde. {*2 Testimonies, 210.1*}

As mense die toets sou deurstaan wat Adam nie deurstaan het nie, en in die krag van Jesus al die vereistes van God sou gehoorsaam, want dit is geregtigheid, dan sou hulle nooit met die afkeuringswaardige kennis te doen kry nie. God het nooit beplan dat mense hierdie kennis wat uit ongehoorsaamheid voorspruit, bekom nie; wanneer hierdie kennis toegepas word, eindig dit in die ewige dood. {*5 Testimonies, 504*}

God roep ons op om wakker te word, want die einde is naby. Elke uur wat verbygaan is een van bedrywighede in die hemelse howe om 'n volk op die aarde gereed te maak om deel te neem aan die groot tonele wat binnekort oor ons gaan ontvou. Hierdie verbygaande oomblikke, wat vir ons so min waarde dra, is belaai met ewige belange. **Hulle vorm die lot van siele vir ewige lewe of ewige dood.** Die woorde wat ons vandag in die ore van die mense uitspreek, die werke wat ons doen, die gees van die boodskap wat ons dra, is 'n reuk van die lewe tot die lewe of ‘n reuk van die dood tot die dood. {*5 Testimonies, 716.3*}

Die vraag: “As iemand sterf, sal hy weer lewe?” is beantwoord. Deur die straf van sonde te dra, deur die graf binne te gaan, het Christus die graf verhelder vir almal wat in geloof sterf. God in menslike vorm het lewe en onsterflikheid aan die lig gebring deur die evangelie. In Sy dood, **het Christus die ewige lewe verseker vir almal wat in Hom glo. In die dood het Hy die skepper van sonde en dislojaliteit veroordeel om die straf van sonde te ly - die ewige dood.** {*6 Testimonies, 230.3*}

**Daar is duisende der duisende, miljoene der miljoene mense wat nou hul besluit neem vir die ewige lewe of die ewige dood**. Die man wat geheel en al in beslag geneem word deur sy finansiële stand, die man wat plesier vind aan die speeltafel, die man wat daarvan hou om met sy verdraaide eetlus te smul, die vermaaklikheidsliefhebber, die besoekers aan die teater en die danssaal, plaas die ewigheid buite hul berekeninge. Die totale las van hulle lewe is: Wat sal ons eet? Wat sal ons drink? Wat sal ons aantrek? **Hulle is nie in die intog wat hemelwaarts beweeg nie. Hulle word gelei deur die groot afvallige, en sal saam met hom vernietig word.** {*6 Testimonies, 406, 407*}

Baie is geredelik tevrede om onbenullige dade van diens aan die Here te bied. Hulle Christenskap is swak. Christus het Homself vir sondaars gegee. Ons behoort met groot angs vir die redding van siele vervul te word as ons sien hoe mense in sonde vergaan! Hierdie siele is gekoop teen 'n oneindige prys. Die dood van die Seun van God aan Golgota se kruis is die maatstaf van hul waarde. Dag vir dag besluit hulle of hulle die ewige lewe of die ewige dood sal verkry. {*8 Testimonies, 28.4*}

Waar sal ons wees voordat die duisend geslagte wat in hierdie Skrif genoem word, beëindig word? Ons lot sal vir ewig beslis wees. **Óf ons sal waardig verklaar word vir 'n tuiste in die ewige koninkryk van God, óf ons sal gevonnis word tot die ewige dood.** Hulle wat opreg en getrou was aan hulle verbond met God; diegene wat, in herinnering aan Golgota, stewig aan die kant van die waarheid gestaan het en altyd daarna streef om God te eer, sal die aanbeveling hoor: “Mooi so, goeie en getroue dienskneg.” Maar diegene wat net halfhartige diens aan God gegee het en toegelaat het dat hul lewens ooreenstem met die weë en gebruike van die wêreld, sal die hartseer woorde hoor: “Gaan weg van My, Ek ken julle nie.” {*9 Testimonies, 252*}

Diegene wat die sewende gebod oortree, moet uit die kerk geskors word, en nie aan die gemeenskap of die voorregte van die huis van God deel hê nie. Die engel het gesê: “Dit is nie 'n sonde van onkunde nie. Dit is 'n sonde waarvan hy bewus is en hy sal ‘n skrikwekkende besoek van God ontvang, of

hy wat dit pleeg oud of jonk is.” {*Testimonies on Sexual Behaviour, Adultery, and Divorce, 248.4*}

Arrogante, doelbewuste sonde. Nog nooit is hierdie sonde deur God in so ‘n uitermatig-sondige lig as juis nou beskou nie. Waarom? Want God reinig vir Homself 'n eiesoortige volk, ywerig in goeie werke. Dit is juis in die tyd wanneer God hierdie eiesoortige volk vir Homself reinig dat [ongeheiligde] individue onder ons intree. Nieteenstaande die reguit waarheid wat hulle aangehoor het – die verskrikkinge van die Woord van God wat aan hulle voorgehou is, met welbeligte waarheid vir hierdie laaste dae wat daarop gemik is om Israel wakker te skud – sondig hulle willens en wetens, en maak plek vir al die los hartstogte van die vleeslike hart, bevredig hulle dierlike neigings, en steek die saak van God in die skande, en bely dan dat hulle gesondig het en jammer is! {*Testimonies on Sexual Behaviour, Adultery, and Divorce, 249.1*}

En die kerk ontvang hulle en sê “Amen” op hulle gebede en vermanings, wat 'n stank in die neusgate van God is en Sy toorn oor die laer laat kom. Hy sal nie in hulle teenwoordigheid kom nie. Diegene wat so onverskillig voortgaan om hierdie sondes te koester, sal aan hulle eie weë oorgelaat word, om gevul te word met hulle eie doen en late. {*Testimonies on Sexual Behaviour, Adultery, and Divorce, 249.2*}

Diegene wat van ouds hierdie sondes gepleeg het, is buite die kamp geneem en gestenig. **Tydelike en ewige dood was hulle ondergang; en omdat die straf van steniging afgeskaf is, word aan hierdie sonde mateloos oorgegee en word dit as 'n klein oortreding beskou.**— {*Manuscript 3, 1854. – Testimonies on Sexual Behaviour, Adultery, and Divorce, 249.3*}

Christus is die Here ons Geregtigheid. Laat ons nou, en nie later nie, ons standpunt aan Sy kant inneem. Laat niemand beskaamd staan om Christus as hul Verlosser, hul raadgewer, hul gids en hul uitermate groot beloning te erken nie. Beteken hierdie offer iets? Is dit 'n eer om onder Satan se leër getel te word? Diegene wat hierdie keuse maak, kry niks. **Net die dood, die**

**ewige dood, wag op hulle.** Laat diegene wat in die versoeking kom om die wêreld te kies, om te streef na die erkenning van die wêreld, herinner word dat, tensy hulle Christus hier kies, hulle nie erkenning in die hemel sal hê nie. Jy wat versoek word, wie het jy as jou leier gekies? . . .{*Upward Look, 321.3*}

Die hele saak sentreer hier. Gehoorsaamheid beteken die ewige lewe; ongehoorsaamheid beteken die ewige dood. {*Review and Herald,9 Aug 1898*}

Sonde is die vreesaanjaendste ding in die hele heelal. So vreesaanjaend is dit dat dit slegs vergewe kan word deur die offer van die Seun van die oneindige God. **As dit nie vergewe word nie, moet dit gevolg word deur die ewige dood.** Daar kom 'n tyd wanneer elke onberouvolle oortreder van God se wet sal weet wat dit beteken om 'n sondaar te wees, onbedek voor God se oë, sonder die kleed van Christus se geregtigheid, en met die volle wete dat daar geen krag in die wet is om die oortreder te red nie. {*Review and Herald, 9 Aug. 1898 par. 16*}

**Dag vir dag besluit ons of ons toekoms die ewige lewe of die ewige dood sal inhou.** Slegs deur 'n vereniging met Christus, wie se eiendom ons is deur die skepping en deur verlossing, kan ons die ewige lewe bekom. Hy het Sy lewe gegee as 'n versoening vir die mens se sonde, maar **Sy offer is slegs nuttig vir diegene wat Hom as hulle Verlosser aanneem.** Slegs op diegene wat met Hom een word, kan die woorde toegepas word: "Jy het enkele persone ook in Sardis wat hulle klere nie besoedel het nie, en hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is." {*Review and Herald, 20 Aug. 1903 par. 20*}

Die hart is soos 'n stuk land, en goed en kwaad is soos saad wat wortel skiet en **oes dra, hetsy vir die ewige lewe of die ewige dood.** Diegene wat weier om gevorm te word deur die werkinge van die Gees van God, wat weier om na Christus aangetrek te word, om onder sy vaandel te staan en die goeie stryd te stry, onderrig ander deur beide voorskrif en voorbeeld om hulleself van die Bron van hul krag af te sny, en om die groot verlossing wat vir hulle voorsien is, te verwaarloos. {*Signs of the Times, 5 Jan. 1891 par. 5*}

Die tekens en wonders van Spiritualisme sal meer en meer na vore tree namate die belydende Christelike wêreld die duidelik geopenbaarde waarheid van die woord van God verwerp, en weier om gelei te word deur 'n eenvoudige "So sê die Here," deur eerder die leerstellings en die gebooie van mense te aanvaar. **Baie mense beslis hul lot op die ewige dood deur lig en waarheid te verwerp**; en wanneer mense die waarheid verwerp, sal die Gees van God homself geleidelik van die aarde onttrek, en die vors van hierdie aarde sal meer en meer beheer oor sy onderdane hê. Hy sal groot tekens en wonders toon as bewyse van sy goddelike aansprake, en sal deur Spiritualisme teen Christus en sy agente werk. {*Signs of the Times, 28 Mei 1894 par. 4*}

Adam se ongehoorsaamheid aan God se bevele het die mense-ras aan doodstraf onderwerp. "Hulle almal sterwe in Adam," en **die ewige dood, nie die ewige lewe nie, is die finale straf van almal wat voortgaan met oortreding**. {*Signs of the Times, 17 Junie 1897 par. 4*}

Bybelse godsdiens is nie impuls nie. Dit is nie 'n aanstormende ywer, soos Jehu, wat nie die situasie in ag neem nie. Die hele plan van verlossing word voor ons geplaas. **Daar is die ewige lewe om te behaal, die ewige dood om te vermy.** Selfsugtige neigings moenie gekoester word nie. Daar moet 'n vaste doel wees om God te dien, wat sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. {*Signs of the Times, 28 Julie 1898 par. 5*}

Maar terwyl die dood van die Seun van God almal red wat hulle bekeer, bring dit die dood tot diegene wat nie Christus as 'n persoonlike Verlosser ontvang nie. Dit wat lewe vir die gelowige bring, bring die dood vir die onboetvaardige oortreder. Die nuwe en lewende weg word ingesien en gevolg deur diegene wat Christus as hulle Verlosser ontvang. **Maar diegene wat weier om Sy offer te aanvaar, word die vonnis van die ewige dood opgelê.** {*Signs of the Times, 13 Junie 1900 par. 5*}

Christus verklaar: “Ek ken u werke.” Lyk dit of die Here te ver weg is, te onduidelik, om enige noemenswaardige uitwerking op die gedrag van die menslike agent te hê? Sal die helse skaduwee van Satan ooit deur lewende geloof deurdring word? Christus is 'n persoonlike, teenwoordige Verlosser, een wat alles tot sy eie eer orden. Hy is te alle tye toeganklik as ons met ‘n berouvolle siel na Hom sal kom. Ek wil almal in Battle Creek aanspoor **om wakker te word uit jul geestelik-doodse sluimering. Tensy julle dit doen, sal dit oorgaan tot die sluimering van die ewige dood.** {*Special Testimonies – Series A No.10, 21.1*}

Christus wil nie hê jy moet jou siel verloor nie. Hy wil hê dat jy Sy reddende genade moet aangryp, sodat Hy 'n deeglike werk in jou hart kan doen. **Nou is jou geleentheid om te besluit of jy die ewige lewe of die ewige dood sal verkry. Dit sal vir jou 'n geweldige stryd wees om 'n deeglike werk van bekering te maak. Diegene wat nie jou innerlike karakter gesien het nie, sal jou vlei en met jou simpatiseer en probeer om jou in jou sondes te vestig.** {*11 Manuscript Releases, 252.4}*

**Die dood, die ewige dood, sal binnekort die deel wees van almal wat Christus verwerp.** Die hele hemel stel belang om te sien wat gedoen word deur diegene wat die waarheid ken. Baie is in die toestand waarvan Christus praat as “nie koud of warm nie.” Die werke van sulkes getuig teen hulle dat hulle nie volgens die woord van die lewe wandel en werk en bid en dit verkondig nie. {*18 Manuscript Releases, 41.1*}

Die pad van ongehoorsaamheid lei na die ewige dood. Die pad van gehoorsaamheid lei na die ewige lewe. “Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.” {*2 Sermons And Talks, 223*}

# Ewige Ondergang

God sien al die moontlikhede in die nietigheid van die mensdom raak. Hy sien hoe behoorlike opleiding ‘n kind kan grootmaak tot 'n krag ten goede in die wêreld. Hy kyk met angstige belangstelling om te sien of die ouers Sy plan sal uitvoer en of hulle deur verkeerde toepassing van goedhartigheid Sy doel ten gronde sal bring, om **die kind oor te gee aan sy huidige en ewige ondergang**. {*Adventist Home, 264*}

**Die vorming van karakter is die werk van 'n leeftyd, en dit bly staan tot in ewigheid.** As almal dit kon besef, indien hulle sou wakker skrik by die gedagte dat **ons individueel ons eie lot beslis, tot die ewige lewe of tot ewige ondergang**, sou ‘n groot verandering plaasvind! {*Child Guidance, 162*}

God kan enige tyd die tekens van sy wonderlike barmhartigheid en liefde aan die onbekeerlike onttrek. Ag, ek wens dat menslike agente kan oorweeg wat die sekere resultaat sal wees van hulle ondankbaarheid teenoor Hom en van hulle verontagsaming van die oneindige Gawe van Christus aan ons wêreld! **As hulle aanhou om oortreding meer lief te hê as gehoorsaamheid, sal die huidige seëninge en die groot barmhartigheid van God, wat hulle nou geniet, maar nie waardeer nie, uiteindelik die oorsaak word van hul ewige ondergang.** {*Manuscript 125, 1907*}

Die Jode, as 'n nasie, het geweier om Christus te aanvaar. **Hulle het weggedraai van die enigste Een wat hulle van ewige ondergang kon red.** 'n Soortgelyke toestand bestaan vandag in die sogenaamde Christelike wêreld. Mense wat beweer dat hulle die Skrif verstaan, verwerp God se wet en oefen 'n sterk, vasberade invloed daarteen uit. . . . Wat is die resultaat? Kyk na die verloop van die jeug wat om ons grootword. {*Manuscript 24, 1891*}

Hulle het waarskuwings vanuit die hemel gehad, maar hulle het geweier om gehoor te gee. En vandag haas die wêreld, ongeag die waarskuwende stem van God, na ewige ondergang. {*Counsels for the Church, 38.5*}

Die vyand het sake gereël om sy eie doeleindes te pas. Wêreldse belange, sport, die modes van die dag—hierdie dinge neem die gedagtes van mans en vroue in beslag. Vermaaklikheid en nuttelose leeswerk bederf die goeie oordeel. **Op die breë weg na die ewige ondergang is daar 'n lang stoet**. {*Counsels for the Church, 64*}

’n Stille getuie bewaak elke lewende siel en probeer daardie siel na Christus trek. Solank daar hoop is, **totdat mense die Heilige Gees tot hulle ewige verderf weerstaan**, word hulle deur hemelse intelligensies bewaak. Laat ons almal in gedagte hou dat in elke vergadering van die heiliges hier op aarde engele van God teenwoordig is wat na die getuienisse, liedere en gebede luister. Laat ons onthou dat ons lofprysinge aangevul word deur die kore van die engeleskare daarbo. {*Counsels for the Church, 241.1*}

Hulle het besluit om Christus om die lewe te bring by die eerste geleentheid. Deur die bewys van die Godheid van Jesus te verwerp, het hierdie priesters en owerstes **hulleself omhul met 'n ondeurdringbare duisternis**. Hulle het volkome onder die mag van die Satan gekom, **sodat hy hulle vinnig oor die afgrond van ewige ondergang kon dompel**. Hulle is in so 'n mate bedrieg dat hulle baie tevrede met hulleself was. Hulle het hulself beskou as patriotte wat die heil van die volk gesoek het. – *Koning van die Eeue, 550.3*

Toe Petrus verklaar het dat hy saam met sy Here in die gevangenis en die dood sou gaan, het hy dit baie opreg gemeen; maar hy het homself nie geken nie. **Diep in sy hart het elemente van boosheid geskuil wat omstandighede sou laat uitkom. Tensy hy gewaarsku word teen die gevaar, sou hierdie dinge sy ewige ondergang bewerkstellig**. Die Heiland het hom gesien in sy eieliefde en selfvertroue wat sterker was as selfs sy liefde vir Christus. – *Koning van die Eeue, 692.1*

God het vir my gewys dat baie siele deur selfsug en wêreldsgesindheid in gevaar van ewige verderf verkeer; en die wagte is skuldig, want hulle het hul plig versuim. Satan verheug hom daarin om hierdie toestand van dinge te aanskou.” {*Gospel Workers, 92 200.3*}

**'n Versuim om die kosbare skat van verlossing aan te gryp, beteken die ewige verderf van jou siel**. Die gevaar van onverskilligheid teenoor God en verwaarlosing van Sy gawe word gemeet aan die grootheid van verlossing. God het alles in Sy almag gedoen. Die hulpbronne van oneindige liefde is uitgeput in die samestelling en uitvoering van die plan van verlossing vir die mens. God het Sy karakter geopenbaar in die goedheid, die barmhartigheid, deernis en liefde wat geopenbaar is om 'n ras van skuldige rebelle te red. Wat kan gedoen word wat nie in die bepalings van die verlossingsplan gedoen is nie? As die sondaar onverskillig bly oor die manifestasie van die goedheid van God, as hy so 'n groot verlossing verwaarloos, . . . wat kan gedoen word om sy harde hart aan te raak? {*In Heavenly Places, 37.2*}

Satan het beweer dat hy groot en goeie dinge ontvang het toe hy van die verbode vrugte geëet het, maar hy het nie laat blyk dat hy deur oortreding 'n uitgeworpene uit die hemel geword het nie. Alhoewel hy gevind het dat sonde tot oneindige verlies lei, het hy sy eie ellende verberg om ander in dieselfde posisie te trek. Dus probeer hy nou sy ware karakter aan die oortreder verdoesel; hy mag beweer dat hy heilig is; maar sy verhewe posisie maak hom net des te gevaarliker as 'n bedrieër. Hy wat die wet van God vertrap, is aan die kant van Satan, en **lei ander om dieselfde te doen, tot hul ewige ondergang.** {*Patriarchs and Prophets, 55.1*}

“Ek weet dat julle dit in onwetendheid gedoen het,” sê Petrus; maar hierdie onkunde het nie die optrede verskoon nie, want hulle is groot lig gegun. Die stelling word gemaak dat, indien hulle geweet het dat Hy die Vors van die lewe was, hulle Hom nie sou gekruisig het nie. Maar hoekom het hulle nie geweet nie? – Want hulle het geen belangstelling gehad om te ondersoek en dit te bestudeer nie, en hul onkunde het hul ewige ondergang gebring. {*6 Bible Commentary, 1056.3*}

# Nog Vuiler

Wie sal vir jou die klaagliedere beskryf wat sal ontstaan wanneer, by **die grenslyn wat tyd en ewigheid deel, die regverdige Regter Sy stem sal verhef en verklaar, “Dit is te laat.”** Lank het die wye poorte van die hemel oopgestaan, en die hemelse boodskappers het genooi en gesmeek: “Laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.” “Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie.” Maar ten slotte gaan die mandaat uit: “Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word.”{*Christ Triumphant, 79.2*}

**Die hemelse poort sluit, die uitnodiging tot verlossing kom tot ‘n einde. In die hemel word gesê: “Dit is verby.” Hierdie tyd is nie meer ver weg nie. Ek pleit by jou om verseker werk te maak van jou ewige saligheid, om vas te hou aan die hoop wat voor jou gestel is in die evangelie. Streef daarna om by die nou poort in te gaan, want as jy bloot net soek, sal jy nie in staat wees om in te gaan nie.** {*Christ Triumphant, 79.3*}

Wanneer Jesus die heiligdom verlaat, dan sal die wat heilig en regverdig is, nog steeds heilig en regverdig wees; want al hulle sondes sal dan uitgewis word, en hulle sal verseël word met die seël van die lewende God. **Maar die wat onregverdig en vuil is, sal steeds onregverdig en vuil wees;** want dan sal daar geen priester in die heiligdom wees om hulle offers, hulle belydenisskrifte en hulle gebede voor die Vader se troon te bring nie. **Daarom moet wat gedoen moet word om siele van die komende storm van toorn te red, gedoen word voordat Jesus die Allerheiligste van die hemelse heiligdom verlaat.** {*Christian Experience and Teaching, 105.1*}

Diegene wat weier om deur die profete neergevel te word, en versuim om hulle siele te reinig deur die hele waarheid te gehoorsaam, en wat bereid is om te glo dat hulle toestand baie beter is as wat dit werklik is, sal gedurende die tyd van die plae sien dat hulle stene is wat nog voorberei moes word vir

die gebou. **Maar dan sal daar geen tyd meer wees om dit te doen nie en geen Middelaar om hulle saak voor die Vader te bepleit nie. Voor hierdie tyd is die vreeslike, plegtige verklaring uitgereik: “Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word.”** {*Christian Experience and Teaching, 112.4*}

**Ek het gesien dat niemand in die "verkwikking" kon deel nie, tensy hulle die oorwinning behaal oor elke boesemsonde, oor trots, selfsug, liefde vir die wêreld en oor elke verkeerde woord en daad.** Ons behoort dus nader en nader aan die Here te kom, en ernstig te soek na daardie voorbereiding wat nodig is om ons in staat te stel om in die stryd te staan op die dag van die Here. Laat almal onthou dat God heilig is, en dat niemand behalwe heilige wesens ooit in Sy teenwoordigheid kan wees nie. {*Christian Experience and Teaching, 113.1*}

Wanneer die werk van die ondersoekende oordeel sluit, **sal die lot van almal reeds bepaal wees – tot die lewe of tot die dood**. Die proeftydperk word 'n kort tydjie voor die verskyning van die Here in die wolke van die hemel beëindig. Christus verklaar in Openbaring, in ‘n vooruitskouing na daardie tyd: “Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word, en kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees.” Openbaring 22:11, 12. {*Counsels for the Church, 349.2*}

Die regverdiges en die goddeloses sal steeds in hulle sterflike toestand op die aarde lewe—mense sal plant en bou, eet en drink, **almal onbewus daarvan dat die finale, onherroeplike bepaling in die heiligdom daarbo uitgespreek is.** {*Counsels for the Church, 349.3*}

Stil, ongemerk, soos ‘n dief in die nag, **sal die beslissende uur kom wat elke mens se lot vasstel, die finale onttrekking van die genade-aanbod aan ‘n skuldige mensdom.** {*Counsels for the Church, 349.4*}

Toe het ek gesien dat Jesus, wat bedien het voor die ark waarin die tien gebooie is, die reukpan neergooi. Hy het Sy hande opgehef, en met ‘n groot stem uitgeroep, “Dit is verby!” Die ganse leërskare van engele het hulle krone afgehaal toe Jesus die volgende plegtige aankondiging gedoen het: Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en **wie vuil is, laat hom nog vuiler word**; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word. ” **Elke saak is beslis, óf vir die lewe, óf vir die dood**. – *Eerste Geskrifte, 283.2-3*

**Wanneer die ondersoekende oordeel afgesluit word, sal die lot van alle mense vir die dood of die lewe vasgestel wees.** Die genadetyd sluit ‘n kort tydjie voor die verskyning van die Here op die wolke van die hemel. In Openbaring, waar Christus vorentoe kyk na hierdie tyd, verklaar Hy: **“Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hy nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word.** En kyk, Ek kom gou, en My loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees.” Openb. 22: 11, 12. - *Die Groot Stryd, 556.3*

Die regverdiges en onregverdiges sal nog in hulle sterflike staat op die aarde woon; mense sal plant en bou en eet en drink, **onbewus daarvan dat die finale, onherroeplike uitspraak in die hemelse heiligdom daarbo gegee is**. Voor die Sondvloed, nadat Noag in die ark ingegaan het, het God hom ingesluit, en die goddelose uitgesluit; maar vir sewe dae het die mense, onwetend dat hulle lot beslis was nie, voortgegaan met hulle onverskillige, genotsugtige lewe, en hulle het die waarskuwings van die dreigende oordeel bespot. “So,” sê die Heiland, “sal ook wees die koms van die Seun van die mens.” Matt. 24: 39. Stil, ongesiens soos die dief in die nag, sal die beslissende uur aanbreek wat elke mens se lot sal beslis, en wat die offer van genade aan skuldige mense onttrek. - *Die Groot Stryd, 557.1*

Daardie belydende gelowiges wat onvoorbereid na die tyd van benoudheid kom, sal in hul wanhoop hul sondes voor almal bely in woorde van brandende angs, terwyl die goddeloses jubel oor hul nood. **Die lot van sulkes**

**is hopeloos. Wanneer Christus opstaan en die Allerheiligste verlaat, is dit die begin van die tyd van benoudheid, en die saak van elke siel is beslis, en daar sal geen versoeningsbloed wees om van sonde en besoedeling te reinig nie.** Wanneer Jesus die Allerheiligste verlaat, spreek hy in 'n besliste toon en met koninklike gesag: **"Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word.** En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees." {*1 Spirit of Prophecy, 123.2*}

Diegene wat hul voorbereiding vir die dag van God uitgestel het, **kan dit nie doen in die tyd van benoudheid, of in enige tydperk daarna nie.** {*1 Spirit of Prophecy, 123.3*}

Die woorde wat tot hulle gespreek is, was die mees plegtigste woorde: "Jy is op die weegskaal geweeg en te lig gevind. Jy het geestelike verantwoordelikhede verwaarloos weens besige aktiwiteite in tydelike sake, terwyl jou vertrouensposisie dit nodig gemaak het dat jy meer as menslike wysheid bekom, en meer as bloot tydelike oordeel. Dit het jy nodig gehad om selfs die meganiese deel van jou werk te verrig, en toe jy God en Sy heerlikheid van jou besigheid ontkoppel het, het jy van Sy seën weggedraai. {*4 Testimonies, 386.3*}

Die vraag is toe gevra: "Waarom het jy nie jou karaktergewade gewas en dit wit gemaak in die bloed van die Lam nie? God het sy Seun na die wêreld gestuur, nie om die wêreld te veroordeel nie, maar om deur Hom gered te word. My liefde vir jou was meer selfverloënend as 'n moeder se liefde. Ter wille van die uitwissing van jou duistere lys van ongeregtigheid en sodat jy die beker van verlossing teen jou lippe kon plaas, het ek die kruisdood gely. Die vloek van jou skuld, en die gruwels van die duisternis van die graf, het ek verduur, om hom wat die mag van die dood het, te oorwin, die gevangenis te ontsluit en die poorte van die lewe vir jou oop te maak. Ek het myself onderwerp aan skande en vrees, omdat ek jou met 'n oneindige liefde

liefgehad het, om my eiesinnige, dwalende skape te kan terugbring na die paradys van God, na die boom van die lewe wat ek teen so 'n groot prys vir jou gekoop het. Die lewe van seën wat Ek teen ‘n groot prys vir jou gekoop het, het jy verontagsaam. Jy het die skande, smaad en skandvlek, wat jou Meester vir jou gedra het, verontagsaam. **Die voorregte wat Sy dood binne jou bereik gebring het, het jy nie waardeer nie. Jy wou nie deel hê aan Sy lyding nie, en jy kan ook nie nou saam met Hom deel hê aan Sy heerlikheid nie." Toe is hierdie plegtige woorde uitgespreek: "Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word." Die boek het toegeval, en die mantel het van die Persoon op die troon geval sodat die verskriklike heerlikheid van die Seun van God geopenbaar is.** {*4 Testimonies, 387.1*}

Die toneel het toe verbygegaan, en ek het myself nog steeds op die aarde bevind, onuitspreeklik dankbaar dat die dag van God nog nie gekom het nie, en dat kosbare proeftyd ons steeds gegun word om vir die ewigheid voor te berei. {*4 Testimonies, 387.2*}

## Geen plek in die Hemel nie

"Kinders, julle moet jul ouers in alles gehoorsaam wees, want dit is die Here welbehaaglik." Kinders wat hul ouers oneer aandoen en hulle nie gehoorsaam nie, kan nie deel wees van die nuwe aarde nie. Die gereinigde nuwe aarde het geen plek vir die rebelle, die ongehoorsames, die ondankbare seun of dogter nie. Tensy hulle gehoorsaamheid en onderdanigheid hier leer, sal hulle dit nooit leer nie; die vrede van die verlostes sal nie verstoor word deur ongehoorsame, wilde, ononderdanige kinders nie. **Geen verbreker van God se gebooie kan die koninkryk van God beërwe nie.** {Adventist Home 294.3}

Vele wegloopseuns word buite die koninkryk van God geplaas deur die liefdelose karakters van dié wat hulself christene noem. Die eienskappe van Satan is jaloesie, afguns, trots, en onbarmhartige gevoelens, eiegeregtigheid, maklik uitgelok, dink kwaad uit, ongevoelig, koud en onsimpatiek. Onderwysers sal hierdie dinge in die studente se karakters moet hanteer. Dit is 'n verskriklike ding om hierdie dinge te hanteer; maar in die poging om hierdie euwels uit te dryf, het die werker in baie gevalle soortgelyke eienskappe ontwikkel as dié wat die siel van die een met wie hy te doen het, ontsier. {Fundamentals of Christian Education 277.1}

**Daar is regtig geen plek in die hemel vir hierdie gesindhede nie**. Iemand met so ’n karakter sal die hemel net ellendig maak, want hy is self ellendig. **“As julle nie wedergebore word nie,” het Christus gesê, “kan julle nie in die koninkryk van die hemele ingaan nie.”** Om die hemel binne te gaan, moet 'n mens Christus, die hoop op heerlikheid, in sy binneste dra en so die hemel saam met hom neem.

“Elke boodskap van teregwysing, waarskuwing en raad het hy as 'n seën van God ontvang. So is die weg vir hom voorberei om nog groter seëninge te ontvang, omdat God nie verniet met hom gepraat het nie. Elke tree opwaarts op die leer van vooruitgang het hom voorberei om nog hoër te klim. Vanaf die boonste sport van die leer het die helder strale van God se heerlikheid op hom geskyn. Hy het nie oorweeg om te rus nie, maar het steeds die wysheid en geregtigheid van Christus nagestrewe. Hy het die doel nagejaag om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus.” {3 Selected Messages 360.3}

**Elkeen wat gered word, moet hierdie ervaring hê. In die dag van oordeel sal die weg van die man wat die tingerigheid en onvolmaaktheid van die mensdom behou het, nie gehandhaaf word nie. Vir hom sal daar geen plek in die hemel wees nie.** Hy kon nie die volmaaktheid van die heiliges wat in die lig wandel, waardeer of geniet nie. Wie nie genoeg geloof in Christus het om te glo dat Hy hom van sonde kan weerhou nie, het nie die geloof wat hom

toegang tot die koninkryk van God sal gee nie. {Review and Herald, 10 Maart 1904 par. 26}

Ek het gesien dat 'n paar arme siele se godsiens daarin bestaan om die klere en dade van ander dop te hou en daarmee fout te vind. **As hulle nie verander nie, sal daar vir hulle geen plek in die hemel wees nie, want hulle sal by die Here self fout vind**. {1 Testimonies 145.1}

Dit lyk onmoontlik om hulle sienings en gevoelens te verhef tot die verhewe standaard wat duidelik in die woord van God uiteengesit word. **Tensy daar 'n behoorlike transformasie deur die vernuwing van die gemoed is, sal hierdie klas mense geen plek in die hemel vind nie**. Diegene wat 'n weg van selfsug en foute gevolg het, wat nie eens die skatkis van God as heilig beskou het nie, kon nie die reinheid en heiligheid van die geheiligdes in die koninkryk van die hemele, of die waarde van die ryk heerlikheid, die ewige beloning, gereserveer vir die getroue oorwinnaars, waardeer nie. Hulle gedagtes loop so lank al in 'n lae, selfsugtige tonnel af dat hulle nie ewige dinge kan waardeer nie. Hulle heg nie waarde aan verlossing nie. Dit lyk onmoontlik om hulle gedagtes te verhef om die verlossingsplan en die waarde van versoening reg te beraam. Selfsugtige belange het die hele wese ingeneem; soos 'n swaar klip hou hulle die gedagtes en voorliefdes vasgebind tot 'n lae vlak. Sommige van hierdie mense sal nooit die volmaaktheid van Christelike karakter bereik nie, want hulle sien nie die waarde en noodsaak van so 'n karakter in nie. {2 Testimonies 519.1}

Jy is kleinlik; jy is foutvinderig oor klein dingetjies en bevraagteken die weg van ander, terwyl jy dalk baie beter sou doen indien jy die gebreke in jou eie karakter en lewe aanspreek, indien jy vanuit 'n Christelike oogpunt werk, lig by God soek en jouself voorberei om met rein engele in die koninkryk van die hemele te verenig. Soos jy is, sal jy die hele hemel ontsier. Jy is ongekultiveerd, onverfynd en nie geheilig nie. **Die hemel is nie die plek vir jou en die karakter wat jy nou dra nie.** {3 Testimonies 464.4}

# Sal nie die koninkryk van die hemel beërwe nie

Ag, as mense, wat na die beeld van God gevorm is, goeie rede in hulle gemoed sou laat heers; as hulle sou onthou dat hy wat die bottel teen sy naaste se lippe sit vervloek is, en dat **geen dronkaard die koninkryk van die hemele sal beërwe nie**; as hulle vooraf die koste sou bereken om 'n eetlus te kweek wat nie uit die natuur kom nie, sal baie ellende, misdaad en siekte die mensekinders gespaar wees! {The Health Reformer, 1 Augustus 1878 par. 8}

As die mens deur geloof die goddelike liefde van God aangryp, word hy 'n nuwe skepsel deur Christus Jesus. Die wêreld is oorwin, die menslike natuur is gedemp en Satan is oorwin. **In hierdie belangrike preek aan Nikodemus het Jesus voor hierdie edele Fariseër die hele plan van verlossing en sy sending na die wêreld uiteengesit. In geeneen van sy daaropvolgende toesprake het die Heiland die werk so deeglik verduidelik, stap vir stap, wat in die menslike hart gedoen moet word, sodat die siel die koninkryk van die Hemel kan beërwe**. {The Signs of the Times, 15 November 1883 par. 16}

# Om Reg te hê op die Boom van die Lewe

Hy wat die fontein van alle kennis is, het gesê: “Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.” Daarmee het Hy die toestand wat ons geskik maak om die hemel van saligheid binne te gaan, beskryf. **Gehoorsaamheid aan God se gebooie is die prys betaalbaar vir die hemel, en gehoorsaamheid aan hul ouers in die Here** is die allerbelangrike les wat kinders moet leer. {Child Guidance 224.4}

Daar is deesdae in ons wêreld ‘n klas wat eiegeregtig is. Hulle is nie vrate nie, hulle is nie dronklappe nie, hulle is nie ongelowiges nie, maar hulle verlang om vir hulleself te leef, nie vir God nie. Hulle dink nie aan Hom nie; daarom

word hulle saam met die ongelowiges geklassifiseer. **As dit vir hulle moontlik sou wees om die poorte van die stad van God binne te gaan, kan hulle geen reg hê op die boom van die lewe nie, want toe God se gebooie met hulle bindende vereistes voor hulle gelê is, het hulle nee gesê. Hulle het God nie hier gedien nie, daarom sal hulle Hom in die hiernamaals ook nie dien nie.** Hulle kan nie in Sy teenwoordigheid leef nie en sal voel dat enige ander plek verkiesliker sou wees as die hemel. *Die Gelykenisse van Christus*, bl. 189-190.

Ons versoek u om u aandag te vestig op die werk van oorwinning. Diegene wat uiteindelik 'n reg op die boom van die lewe sal hê, sal diegene wees wat God se gebooie onderhou het. {Christian Temperance and Bible Hygiene 40.1}

Ek is gewys op Adam en Eva in Eden. Hulle het van die verbode boom geëet en is uit die tuin verdryf, en toe is die boom van die lewe met ‘n vlammende swaard bewaak sodat hulle nie van die vrugte kon eet en onsterflike sondaars word nie. Die doel met die boom van die lewe was om die onsterflikheid te verewig. Ek het die engel hoor vra, “Wie van die gesin van Adam het by die vlammende swaard verbygekom en van die boom van die lewe geëet?” Toe het ek ‘n ander engel hoor antwoord, “Nie een van Adam se gesin het by die vlammende swaard verbygekom en van daardie boom geëet nie; **dus is daar ook nie ‘n onsterflike sondaar nie. Die siel wat sondig sal ‘n ewige dood sterf-‘n dood wat altyd sal duur, en waaruit daar geen hoop op ‘n opstanding sal wees nie.”** *Eerste Geskrifte*, bl.43.

God het 'n karakter in harmonie met Sy wet gekies, en elkeen wat die standaard van Sy vereiste sal bereik, sal ingang vind tot die koninkryk van heerlikheid. Christus het self gesê: “Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie.” (Johannes 3:36). “Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.” (Matteus 7:21). En in Openbaring verklaar Hy: “Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan

deur die poorte in die stad." (Openbaring 22:14). Wat die mens se finale verlossing betref, is dit die enigste uitverkiesing wat in die Woord van God na vore gebring word. {God's Amazing Grace 350.2}

# Die Groot Stryd, bl. 612 – 616

Hierdie gedeelte bevat die Afrikaanse vertaling van die boek *The Great Controversy*, bladsye 540-544.

Laat ons nou nagaan wat die Bybel leer aangaande die goddelose en die onboetvaardiges wat die Universaliste wil hemel toe stuur as heilige, gelukkige engele.

"Aan die dorstiges sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet." Openb. 21: 6, 7. Hierdie belofte is gegee alleen aan die dorstiges — alleen aan diegene wat die behoefte voel aan die water van die lewe, en wat gewillig is om alles daarvoor op te gee, sal dit gegee word. "Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees." Hier ook, word die voorwaardes duidelik gestel. Om alle dinge te kan beërwe, moet ons die sonde weerstaan en oorwin.

Deur die profeet Jesaja sê die Here, "Sê van die regverdige dat dit met hom goed sal gaan." "Wee die goddelose; met hom gaan dit sleg. Want wat sy hande gewerk het, sal hom aangedoen word." Jes. 3: 10, 11. Die wyse man sê, "Aangesien 'n sondaar honderdmaal kwaaddoen en hy lank lewe — alhoewel ek weet dat dit goed sal gaan met die wat God vrees, wat vrees voor Sy aangesig, en dit nie goed sal gaan met die goddelose," nie. Pred. 8: 12, 13. En Paulus sê dat die sondaar vir hom toorn vergader teen die "dag van toorn en openbaring van die regverdige oordeel van God wat elkeen sal vergeld na sy werke; . . . verdrukking en benoudheid oor die siel van elke mens wat kwaaddoen." Rom. 2:5, 6, 9.

“Dit moet julle weet dat geen hoereerder of onreine of gierigaard, wat ‘n afgodedienaar is, ‘n erfdeel het in die koninkryk van Christus en van God nie.” Efe.5:5. “Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie.” Heb. 12:14. “Salig is die wat Sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad. Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen.” Openb. 22:14, 15.

God het aan die mens ‘n uiteensetting van Sy karakter gegee, asook hoe Hy met die sonde sal handel. “HERE, HERE, ‘n barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou; wat die goedertierenheid hou vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie.” Exod. 34:6,7. “Hy verdelg al die goddelose.” “Maar die oortreders word tesame verdelg; die goddelose word eindelik uitgeroei.” Ps. 145:20; 37:38. Die mag en gesag van die goddelike regering sal in werking gebring word om die opstand te onderdruk; maar al die openbarings van vergeldende regverdigheid sal in volkome ooreenstemming wees met die karakter van God as ‘n genadige, lankmoedige, en goeie wese.

God dwing die wil of die oordeel van niemand nie. Hy skep geen behae in slaafse gehoorsaamheid nie. Hy begeer dat sy skepsels Hom sal liefhê omdat Hy hulle liefde waardig is. Hy wil hê dat hulle Hom moet gehoorsaam omdat hulle ‘n intelligente besef het van Sy wysheid, regverdigheid, en goedertierenheid. En almal wat ‘n behoorlike begrip het van hierdie eienskappe sal Hom liefhê omdat hulle tot Hom getrek word deur hulle bewondering van Sy hoedanighede.

Die beginsels van goedheid, genade, en liefde, soos geleer en geopenbaar deur ons Heiland, is ‘n afskrif van die wil en die karakter van God. Christus het geleer dat Hy niks geleer het behalwe wat Hy van Sy Vader ontvang het nie. Die beginsels van die goddelike regering is in volkome ooreenstemming met die Heiland se gebod, “Julle moet julle vyande liefhê.” God oefen ‘n

regverdige straf uit op die goddelose vir die welsyn van die heelal, en ook vir die beswil van diegene wat die straf moet ondergaan. Hy sou hulle gelukkig maak as Hy dit kon doen ooreenkomstig die wette van Sy regering en Sy karakter van geregtigheid. Hulle word omring deur die bewyse van Sy liefde, Hy gee aan hulle ‘n kennis van Sy wet, en Hy agtervolg hulle met Sy aangebode genade; maar hulle versmaai Sy liefde, maak Sy wet tot niet, en verwerp Sy genade. Terwyl hulle steeds Sy gawes aanneem, onteer hulle die Gewer; hulle haat God omdat hulle weet dat Hy ‘n afsku het aan hulle sondes. Die Here is lankmoedig met hulle hardnekkigheid, maar eindelik sal die beslissende uur aanbreek wanneer hulle lot beslis sal word. Sal Hy dan hierdie rebelle aan Sy sy vaskoppel? Sal Hy hulle dwing om Sy wil te doen?

Diegene wat Satan verkies het as hulle leier, en wat deur sy mag beheers word, is nie bereid om in die teenwoordigheid van God te kom nie. Hoogmoed, bedrog, losbandigheid, en wreedheid het ‘n deel geword van hulle karakters. Kan hulle die hemel binnegaan en daar vir ewig saamwoon met diegene wat hulle op die aarde verag en gehaat het? Die waarheid sal nooit aanneemlik wees vir die leuenaar nie; sagmoedigheid sal eiewaan en hoogmoed nooit tevrede stel nie; reinheid is nie aanneemlik vir besoedeldes nie; onselfsugtige liefde is nie aantreklik vir die selfsugtiges nie. Watter soort genot kan die hemel aanbied aan diegene wat heeltemal in beslag geneem is deur aardse genot en eiebelang?

As diegene wat hulle hele lewe lank in opstand teen God was, skielik na die hemel geneem sou kon word, en as hulle daardie hoë en heilige staat van volmaaktheid kon sien, waar elke siel met liefde vervul is en elke gelaat straal van vreugde en waar betowerende musiek gemaak word ter eer van God en die Lam, en waar oneindige strome van lig gedurig op die verlostes straal van die aangesig van Hom wat op die troon sit — sal diegene wie se harte vervul is met haat teenoor God en teenoor die waarheid en heiligheid, kan saamsing met die hemelse skare in hulle lofliedere? Sou hulle die heerlikheid van God en die Lam kan verduur? Nee, en nogmaals nee; daar is jare lank ‘n genadetyd aan hulle toegestaan sodat hulle karakters kon vorm geskik vir die

hemel; maar hulle het hulleself nooit daarin beoefen om reinheid lief te hê nie; hulle het nooit die taal van die hemel geleer nie, en nou is dit te laat. 'n Lewe van opstand teen God het hulle ongeskik gemaak vir die hemel. Die reinheid, die heiligheid en vrede wat daar heers, sou vir hulle 'n marteling wees; die heerlikheid van God sou vir hulle soos 'n verterende vuur wees. Hulle sou smag om weg te vlug van daardie heilige plek. Hulle sou vernietiging verwelkom sodat hulle verberg kan wees van die aangesig van Hom wat gesterf het om hulle te verlos. Die lot van die goddelose word beslis deur hulle eie keuse. Hulle uitsluiting uit die hemel is vrywillig aan hulle kant, en regverdig en genadig aan die kant van God.

Soos die waters van die sondvloed sal die vure van die groot dag God se uitspraak aankondig dat die goddelose onverbeterlik is. Daar is by hulle geen neiging om hulle aan die goddelike gesag te onderwerp nie. Hulle het hulle wil in opstand gebruik; en wanneer die lewe beëindig word, is dit te laat om hulle gedagtegang in die teenoorgestelde rigting te stuur, te laat om oortreding te versaak vir gehoorsaamheid, en haat vir liefde.

Toe God die lewe van Kain, die moordenaar, gespaar het, het Hy aan die wêreld 'n voorbeeld gegee van wat die gevolge is wanneer 'n sondaar toegelaat word om voort te lewe en steeds voort te gaan op die weg van bandelose goddeloosheid. Deur die invloed van Kain se leer en voorbeeld is menigtes van sy afstammelinge tot die sonde verlei, totdat "die boosheid van die mens op die aarde groot was," en "al die versinsels wat hy bedink in sy hart altyddeur net sleg was." "Die aarde was verdorwe voor die aangesig van God, en die aarde was vol geweld." Gen. 6: 5, 11.

In genade aan die wêreld het God die bose bewoners daarvan in Noag se tyd uitgedelg. In genade het Hy die verdorwe inwoners van Sodom vernietig. Deur die verleidende krag van Satan, wek die bewerkers van die sonde medelyde en bewondering en op daardie manier lei hulle steeds ander tot rebellie. Dit was so in Kain se tyd, in Noag se tyd, en in die tyd van Abraham

en Lot, en ook in ons tyd. Dit sal ‘n daad van genade aan die heelal wees wanneer God uiteindelik die verwerpers van Sy genade vernietig.

“Die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.” Rom. 6:23. Terwyl die lewe die erfdeel is van die regverdiges, is die dood die deel van die goddelose. Aan Israel het Moses gesê, “Kyk, ek het jou vandag voorgehou die lewe en die geluk, en die dood en die ongeluk.” Deut. 30:15. Die dood waarna verwys word in hierdie skrifture is nie die dood wat oor Adam uitgespreek is nie, want die hele mensdom deel in die straf om sy oortreding. Dit is die “tweede dood” wat hier in teenstelling met die ewige lewe genoem word.

As gevolg van Adam se sonde het die dood deurgedring tot die ganse mensdom. Almal tesame gaan na die graf. En deur die voorsiening van die verlossingsplan sal almal weer uit hulle grafte voortkom. “Daar sal ‘n opstanding wees van die dode, regverdiges sowel as onregverdiges”; “want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewendig gemaak word.” Hand. 24:15; 1 Kor. 15:22. Maar daar is ‘n verskil tussen die twee klasse wat sal opstaan. “Daar kom ‘n uur wanneer almal wat in die grafte is, Sy stem sal hoor en sal uitgaan — die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling.” Joh. 5:28, 29. Diegene wat “waardig geag is” tot die opstanding van die lewe, word genoem “salig en heilig.” “Oor hulle het die tweede dood geen mag nie.” Openb. 20:6. Maar diegene wat nie deur bekering en geloof sulke vergifnis ontvang het nie, sal die straf op hulle oortreding ontvang— “die loon van die sonde.” Wat tyd en heftigheid betref, sal die straf verskil — dit sal wees “volgens hulle werke,” maar uiteindelik sal dit eindig in die tweede dood. Aangesien dit onmoontlik is vir God om die sondaar in sy sondes te red sonder om in stryd met Sy genade en regverdigheid te kom, ontneem Hy aan die sondaar daardie lewe wat hy deur sy oortredings verbeur het, en wat hy nie waardig is nie. ‘n Geïnspireerde skrywer sê, “Nog ‘n klein rukkie en die goddelose sal daar nie wees nie; ja jy sal ag gee op sy plek, maar hy sal daar nie wees nie.” ‘n Ander een sê, hulle

sal word "asof hulle nooit bestaan het nie." Ps. 37:10; Obad. 16. Besoedel met hulle sonde, sink hulle weg in die ewige vergetelheid.

So sal daar 'n einde gemaak word aan die sonde en aan al die ellende en verwoesting wat dit veroorsaak het. Die psalmis sê "U het die heidene gedreig, die goddelose laat omkom, hulle naam uitgedelg vir ewig en altyd. Die vyande het omgekom — puinhope vir ewig." Ps. 9:6, 7.

# Die Laaste Boodskap van Genade

Elke mens in hierdie wêreld het die vrye keuse om homself aan God te gee en Sy gebooie te onderhou deur die genade van Christus, of om 'n opstandige karakter te ontwikkel wat nie geskik is vir die hemel nie.

Ons is in die laaste ure van die aarde se geskiedenis. Elke besluit wat ons van hierdie punt af neem, lei ons óf na die ewige lewe óf na die ewige dood. Wat 'n mens saai, sal hy maai. Die loon van sonde is die dood – die ewige dood – en die gawe van God is die ewige lewe.

Na hierdie huidige lewe is daar geen geleentheid om jou karakter te verander nie. As julle vandag Sy stem hoor, moenie julle harte verhard nie, maar soek die Here terwyl Hy nog te vinde is. Ons moet nou ons roeping en uitverkiesing vasmaak, want sodra ons sterf of Jesus kom, sal daar geen geleentheid meer wees om te verander nie. Ons karakters sal vir ewig vasgestel wees, in die dood of in die lewe.